

Excursions, Tours & Camps

1. Staff members confirm with the principal and make timeous arrangements with learners, parents and the hostel.
2. Permission slips to be signed by the parents must contain standardised information.
3. The permission form for the WCED must be submitted ONE TERM prior to the excursion.

Oorsese Toere

Die hoofdoel van oorsese toere is om leerders aan die 'wyer wêreld' bloot te stel. Dit moet gesien word as 'n opvoedingsgeleentheid en leerders moet navorsing doen oor die lande en stede wat besoek word. Leerders wat belang stel, moet skriftelik motiveer waarom hulle belangstel en wat hulle verwagtinge is.

Die skool glo dat ouers graag sal wil weet dat hul dogters die maksimum opvoeding op so 'n toer ontvang, dat sy veilig sal wees en dat personeel wat die groep vergesel verantwoordelik optree.

1. Elke toer moet duidelik 'n DOEL uitspel. Die moontlikheid om ander skole in daardie lande te besoek, moet ook ondersoek word.
2. Personeel moet die opsie hê om saam te gaan. Personeel wat die inisiatief neem om dit te bespreek/reël, moet ondersteun word (al doen hul dit meer as een keer).
3. Geen fondsinsameling word binne die skoolprogram toegelaat nie. Toergangers is self vir fondse verantwoordelik.
4. Die grootte van 'n beheerbare groep is 30. Toeroperateurs stel gewoonlik 1 volwassene vir elke 10 leerders voor. Hulle koste (saggeld uitgesluit) word in die toerprys verreken. Toesighouers moet verkieslik La Rochelle-onderwyspersoneel wees.
5. Die skool moet die frekwensie van toere monitor. Verkieslik elke 2de jaar om ouers tegemoet te kom. Toere moet ook verkieslik in die Junie-vakansies plaasvind en NIE die skool/eksamenroosters beïnvloed nie.
6. Toestemming moet 'n JAAR vooraf by die Skoolbeheerliggaam verkry word. Daarna kan kontak met ouers gemaak word.
7. Indien die toer met skooldae oorvleuel, moet spesiale toestemmingsvorme (sien Bestuurshandleiding) 3 MAANDE VOORAF by die Kringkantoor ingedien word vir die IBB Bestuurder se aandag.